



**NG Gemeente, Rietfontein-Suid, Pretoria**  
**Taakspan vir Kinders: Junior Kategese & Kleuterkerk**



**Sleutels vir Lewe**

**SLEUTEL 7 - Vergifnis**

**Matteus 6:15** Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie

**Die wêreld sê:**

Wees kwaad vir ander oor wat hulle aan jou gedoen het

**Jesus sê:**

Wees genadig teenoor mense wat jou seergemaak het. 70x7!

**Besprekingspunte**

Mense maak mekaar seer met woorde en dade. Partykeer aspris. Partykeer sonder dat hulle dit weet.  
Jy maak ook mense seer - al bedoel jy dit nie so nie.

As ander jou seermaak en jy hulle nie vergewe nie, is dit soos om 'n rusak met klippe saam te dra. Dis swaar en maak jou seer en jy is altyd daarvan bewus. Die ander persoon het lankal vergeet daarvan, dan tob jy nog daaroor - wie kry seer?  
Vergifnis gaan oor jou. Jesus het jou ook vergewe.  
Jy moet dus ander ook vergewe.  
As jy ander vergewe, maak jy jou eie las ligter.

**Storie: Matteus 18:21-25** Jy moet 70x7 keer vergewe

**Iets om huis toe te neem**

Maak 'n groot hart. Noem voorbeelde van seermaak-aksies. Skeur elke keer 'n stukkie van die hart af.  
As iemand jou seermaak, voel dit asof jou hart breek.  
Probeer dit regmaak en weer aanmekaar plak. 'n Mens kan dit aanmekaar plak, maar die letsels bly.  
Dus: Seermaak maak letsels. Let dus op wat jy vir ander sê en aan ander doen.  
Maak nou 'n legkaart van 'n hartjie. Bou en plak vas.  
Skryf in die hartjie: Here, help my om ander te vergewe.

**Elke week**

Sleutels sluit iets oop ... Byvoorbeeld: Slotte, deure, kluipe, hekke, motors, skatkis, ens.  
Dit verteenwoordig keuses waarvoor jy te staan kom in die lewe.  
Jy het die keuse watter sleutel jy in die lewe gebruik om wat oop te sluit. Dit bepaal waarheen jy gaan, wat jy ontdek en die gevolge van jou keuse.

**Jesus se Sleutels vir Lewe verskil van die wêreld se sleutels.**

Wie is die wêreld?

Dit is nie net onbekendes nie. Dit is ook ons maats of vriende, partykeer grootmense wat ons leer ken. Eintlik is dit almal wat nie mooi verstaan dat Jesus se Sleutels vir Lewe anders is nie.

Wat is sonde?

Enigiets wat Jesus se hart seermaak.

**Alles vir God se goedkeuring en glimlag!**